Downloaded from
www.grade12pastexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

EKONOMIE V2
NASIENRIGLYN

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 D ✓✓ (marginale inkomste)

1.1.2 B ✓✓ (onderlinge afhanklikheid)

1.1.3 C ✓✓ (toewysingsdoeltreffendheid)

1.1.4 D ✓✓ (prysnemer)

1.1.5 C ✓✓ (hiperinflasie)

1.1.6 A ✓✓ (eko)

1.1.7 B ✓✓ (gehaltestandaarde)

1.1.8 A ✓✓ (ontbossing) (8 x 2) (16)

1.2 1.2.1 E ✓ Meganisme wat kopers en verkopers van goedere en dienste bymekaarbring

1.2.2 H ✓ Markstruktuur met baie firmas wat homogene produkte verkoop

1.2.3 I ✓ kan nie verhaal word nie, selfs al sluit die besigheid

1.2.4 F ✓ hierdie word ondervoorsien deur die mark, maar is voordelig vir samelewing

1.2.5 G ✓ sluit items uit die VPI-mandjie wat hoë pryswisselvalligheid toon

1.2.6 A ✓ verhoging in salarisse wat daartoe lei dat werkers ’n hoër inkomstebelastingkoers betaal

1.2.7 C ✓ tradisies, rituele of musiek wat uniek is aan ’n gegewe kultuur van die samelewing

1.2.8 B ✓ opgelê op die produksie van goedere wat eksterne omgewingskoste Genereer (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 Korttermyn ✓

1.3.2 Swartmark ✓

1.3.3 Eksterne koste ✓

1.3.4 Inkomende toeriste ✓

1.3.5 Vraagtrek-inflasie ✓

1.3.6 Omgewingsvolhoubaarheid ✓ (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem TWEE voorwaardes van perfekte markte.**

- Baie kopers en verkopers ✓
- Homogene produk
- Geen hindernisse vir toetrede nie
- Volledige inligting

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) ✓ (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe beïnvloed die bestaan van kartelle die ekonomie?**

- Die minder produksie wat teen hoër pryse geproduseer word, maak dit onmoontlik vir ander besighede om die mark te betree – dit benadeel die laer-inkomstegroepe wat nie die hoë pryse kan bekostig nie. ✓✓

(1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer normale wins in die grafiek hierbo.**

- Punt A ✓
- Punt B ✓ (1 x 1) (1)

2.2.2 **Noem enige EEN totale kostekomponent.**

- Vaste koste ✓✓
- Veranderlike koste. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 1 x 2) (2)

2.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *eksplisiete koste*.**

- Eksplisiete koste verwys na die werklike uitgawes van die besigheid soos huur, lone en rente. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2.4 **Waarom sou firmas koste aangaan selfs wanneer die produksie nul is?**

- Firmas het koste selfs al is die produksie nul, want die totale kostekomponente is vaste koste en veranderlike koste, en firmas dra vaste koste selfs al is die produksie nul, soos byvoorbeeld huuruitgawes. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (1 x 2) (2)

2.2.5 **Gebruik die grafiek hierbo om te verduidelik hoe winsmaksimering deur die firma bereik word.**

- Wins word gemaksimeer in die area waar die TI-kromme bo/groter is as die TK-kromme. ✓✓
- Dit is die area waar daar ’n positiewe verskil tussen TI en TK is. ✓✓
- Winste word gemaksimeer waar die gaping tussen TI en TK die grootste is teen 35 eenhede. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (2 x 2) (4)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

2.3 DATARESPONS

2.3.1 Identifiseer die nie-prysstrategie wat in die uittreksel hierbo genoem word.

- Afleweringsprogramme/uber eats ✓ (1)

2.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n besigheid wat onder monopolistiese mededinging funksioneer.

- Kitskosondernemings ✓
- Kruidenierswinkels ✓
- Klerewinkels ✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *nie-prys-mededinging*.

- Nie-prys-mededinging verwys na mededinging tussen firmas om hul markaandeel te vergroot wat nie op pryse gebaseer is nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik waarom monopolistiese mededinging as 'n hibriede markstruktuur beskryf word.

- Dit word 'n hibriede markstruktuur genoem omdat dit die eienskappe van beide 'n volmaakte mark en monopolie het. ✓✓
- Monopolistiese mededinging het baie kopers en verkopers en 'n afwaartse vraagkurwe. ✓✓ (1 x 2) (2)

2.3.5 Hoe bereik monopolistiese mededinging handelsmerklojaliteit?

- Deur hul produkte te differensieer, monopolistiese mededingers vestig handelsmerklojaliteit. ✓✓
- Handelsmerklojaliteit gee besighede groter beheer oor die prys van hul produkte. ✓✓
- Spesiale aanbiedinge en promosies word gewoonlik gebruik om handelsmerklojaliteit te versterk en verbruikers te oortuig om die produk te koop ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 Verduidelik kortliks hoe 'n volmaakte mededinger dit moeilik sal vind om op lang termyn 'n ekonomiese wins te maak.

- Op lang termyn kan 'n perfekte mededinger slegs normale wins maak as gevolg van maklike toegang tot die mark.
- Die ekonomiese wins sal dien as 'n sein vir ander om die mark te betree.
- Wanneer nuwe firmas die mark betree, sal die aanbod na regs verskuif/ toeneem en 'n groter hoeveelheid goedere sal geproduseer word.
- Die nuwe ewewigspunt sal bereik word en die prys sal daal en die individuele mededinger sal gedwing word om die prys te verlaag aangesien hulle die prysnemers is.
- Die perfekte mededinger sal nou op lang termyn normale wins maak.

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

2.5 **Analiseer die negatiewe impak van samespanning in die ekonomie?**

- Wanneer firmas saamspan, belemmer hulle die mededingendheid van die mark, wat tot ’n hoë werkloosheidsyfer en ’n verlaging van ekonomiese groei sou lei. ✓✓
- Samespanning laat onwettige praktyke soos prysvasstelling toe wat inflasie veroorsaak en onbekostigbaarheid in die ekonomie vererger. ✓✓
- Die oormatige markmag wat kartelle besit, verminder die aanbod van goedere/dienste, wat tot ’n ondoeltreffende toewysing van hulpbronne lei. ✓✓
- Die sameswerende gedrag soos prysleierskap lei daartoe dat groot firmas verbruikers manipuleer en dus algemene prysvlakke opstoot. ✓✓
- Dit verwring ekonomiese markte, vertraag innovasie wat die reële BBP verlaag. ✓✓

(Ken ’n maksimum van 2 punte toe vir blote opsomming van feite)
(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE monetêre maatreëls wat gebruik kan word om inflasie te bestry.**

- Verminder die geldvoorraad ✓
- Verhoging van die repokoers ✓
- Verhoging van die bank se kontantreserwevereiste ✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe lei besoedeling tot die verlies aan biodiversiteit?**

- Besoedeling maak alle spesies dood wat nie vinnig by omgewings-verandering kan aanpas nie. ✓✓
- Sommige spesies het ’n laer toleransie vir veranderende toestande as ander, wat hulle kwesbaar maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer enige EEN komponent wat binne die inflasieteiken in die grafiek hierbo val.**

- Klere ✓
- Ander goedere en dienste ✓ (1 x 1) (1)

3.2.2 **Wat is die hersiene inflasieteiken in Suid- Afrika?**

3%–6% ✓ (1 x 1) (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term inflasieteiken.**

- Dit is ’n monetêre beleidstrategie deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat daarop gemik is om inflasie binne 3%–6% te hou soos vasgestel deur die minister van finansies in oorleg met die Suid-Afrikaanse Reserwebank. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2.4 **Hoe sal ’n styging in die inflasiekoers lae-inkomsteverdieners benadeel?**

- Lae-inkomsteverdieners sal nie in staat wees om in hul basiese behoeftes te voorsien nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (2 x 1) (2)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

3.2.5 **Hoe kan prysonstabiliteit die ekonomie negatief beïnvloed?**
Prysonstabiliteit sal die ekonomie negatief beïnvloed deur:
- Toenemende inflasieverwagtinge onder verbruikers, besighede en werkers. ✓✓
- Besighede maak nie beleggings in langtermynprojekte nie, wetende dat pryse onstabiel sal wees. ✓✓
- Afnemende spaargeld onder verbruikers kan die opgaar van goedere aanmoedig wat druk op die ekonomie kan plaas. ✓✓
- Deur dit vir verbruikers moeilik te maak om ingeligte besluite te neem, wat kan lei tot ʼn afname in totale vraag en ekonomiese groei.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer enige EEN maatreël om omgewingsvolhoubaarheid in die uittreksel hierbo te verseker.**
- Onderwys ✓ (1)

3.3.2 **Noem EEN omgewingsprobleem.**
- Verlies aan biodiversiteit ✓
- Chemiese afval ✓
- Gevaarlike afval ✓
- Klimaatsveranderingsbeleid ✓
- Inheemse kennis ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 1) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die konsep *aardverwarming.***
- Aardverwarming verwys na die vasvang van hitte in die atmosfeer wat klimaatsverandering tot gevolg het. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.3.4 **Hoe beïnvloed bewaring die omgewing positief?**
- Dit beskerm die dele van die omgewing wat deur uitsterwing bedreig word/ dit laat toe dat ʼn deel van die omgewing ongeskonde (ongebruik) bly. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.3.5 **Hoe kan die regering die omgewing in Suid-Afrika beskerm?**
- Die regering kan omgewingsbelastings oplê om verbruikers en produsente te dwing om die sosiale koste van besoedeling te betaal ✓✓
- Die regering kan besighede subsidieer wat omgewingsvriendelike tegnologie gebruik ✓✓
- Die regering kan mense opvoed oor die belangrikheid van die omgewing ✓✓
- Verhandelbare permitte kan gebruik word om besighede toe te laat om tot ʼn sekere limiet te besoedel ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

3.4 **Onderskei tussen die *verbruikersprysindeks (VPI)* en die *produsenteprys-indeks (PPI)*.**

- Die VPI meet die lewenskoste ✓ terwyl die PPI die produksiekoste meet ✓
- Die VPI-mandjie bestaan uit verbruikersgoedere en -dienste ✓ terwyl die PPI-mandjie slegs uit goedere bestaan ✓
- In die VPI-syfers word kapitaal- en intermediêre goedere uitgesluit ✓ terwyl kapitaal- en intermediêre goedere in die PPI ingesluit word ✓
- Die VPI toon nie die pryse van ingevoerde goedere eksplisiet nie ✓ terwyl pryse in die PPI eksplisiet getoon word ✓
- VPI sluit rentekoerse in ✓ terwyl PPI rentekoerse uitsluit ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite/ voorbeelde) (8)

3.5 **Hoe suksesvol was die regering in die toepassing van die maatreëls wat tydens die Johannesburg-Beraad in 2002 ooreengekom is om omgewings-volhoubaarheid te verseker?**

- Die Suid-Afrikaanse regering as gasheer het die Johannesburg-verklaring onderteken en homself daartoe verbind om sosio-ekonomiese kwessies soos MIV/VIGS, verbeterde sanitasie, armoedeverligting en 'n groter voorraad voedsel en water aan te spreek. ✓✓
- Die uitkoms daarvan het onder andere besluite ingesluit oor die erkenning van die regte en rolle van gemeenskappe in die bestuur van natuurlike hulpbronne. ✓✓
- Dit het ook die bevordering van groter korporatiewe verantwoordelikheid en aanspreeklikheid ingesluit. ✓✓
- Dit het ook die herbevestiging van die beginsel van toegang, die inkorporering van etiek in die implementering van Agenda 21, ingesluit. ✓✓
- Die aanvaarding van die noodsaaklikheid om ekonomiese groei van omgewingsagteruitgang te ontkoppel. ✓✓
- Die bekendstelling van sleutelinisiatiewe en vennootskappe oor volhoubare ontwikkeling. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir 'n blote lys van feite/voorbeelde)
(4 x 2) (8)

[40]

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE hindernisse wat verhoed dat nuwe besighede markte betree.**

- Toegangshindernisse word deur advertensies geskep ✓
- Nuwe toetreders het nie die kapitaal/kapitaalvereistes/gebrek aan finansiering ✓
- Skaalvoordele ✓
- Beperkte grootte van die mark ✓
- Eksklusiewe eienaarskap van grondstowwe/Bestaande besighede beheer die hulpbronne ✓
- Patente ✓
- Lisensiërings-/Wetlike vereistes ✓
- Alleenregte ✓
- Invoerbeperkings ✓
- Tegnologiese meerderwaardigheid/Tegnologie ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom het inflasie 'n negatiewe uitwerking op die betalingsbalans?**

- Lande in die buiteland sal minder uit Suid-Afrika invoer as gevolg van hoër pryse in die Suid-Afrikaanse markte en dit sal tot afname in uitvoere lei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die markstruktuur in die spotprent hierbo.**

- Monopolie ✓ (1 x 1) (1)

4.2.2 **Noem die tipe wins wat op lang termyn in hierdie mark gemaak word.**

- Ekonomiese Wins ✓

(Aanvaar enige relevante, korrekte en relevante antwoord) (1 x 1) (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *natuurlike monopolie*.**

- Verwys na die tipe monopolie wat veroorsaak word deur hoë ontwikkelingskoste of aanvangskapitaal wat as 'n hindernis vir toetrede dien. ✓✓

(Aanvaar enige relevante, korrekte en relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.2.4 **Waarom sou 'n monopolis soms nie daarin slaag om ekonomiese wins te behaal nie?**

- 'n Monopolis kan sy fondse in sy bedrywighede verkeerd aanwend en verliese veroorsaak. ✓✓
- Werknemers kan korrupsie pleeg wat koste bo verdiende inkomste verhoog. ✓✓
- As die prys te hoog is wat tot 'n lae vraag lei, sal die totale inkomste laer wees as die totale koste ✓✓

(Aanvaar enige relevante en korrekte antwoord) (2 x 1) (2)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

4.2.5 **Hoe kan 'n monopolie die ekonomie benadeel?**
'n Monopolie benadeel die ekonomie deur:

- om hoër pryse te vra as in mededingende markte lei daartoe dat verbruikers dit nie kan bekostig nie ✓✓
- om verbruikers geen alternatief of naby plaasvervangers te gee om hul behoeftes te bevredig nie, wat tot 'n afname in lewenstandaard sal lei ✓✓
- stygende pryse aangesien die prysmaker slegs 'n paar verbruikers die vermoë gee om goedere en dienste te bekostig en te koop ✓✓
- aanmoediging van ondoeltreffendheid omdat 'n monopolie wins maak sonder veel moeite ✓✓
- sy vermoë om politieke mag te verkry en die samelewing op 'n ondemokratiese en onverantwoordbare wyse te vorm ✓✓
- aangesien dit die enigste besigheid in die mark is, sal dit die aanbod van goedere en dienste beheer aangesien daar geen mededinging is nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 DATARESPONS

4.3.1 **Identifiseer die sektor in die prente hierbo.**

- Primêre sektor ✓ (1 x 1) (1)

4.3.2 **Noem enige EEN hernubare hulpbron**

- Sonenergie ✓
- Windenergie ✓
- Gety- en golfenergie ✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) ✓ (1 x 1) (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die konsep *ontbossing*.**

- Verwys na die permanente verwydering van bome en woude om die grond vir ander doeleindes soos mynbou of bouwerk te gebruik. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.3.4 **Waarom slaag markte nie daarin om omgewingsvolhoubaarheid te verseker nie?**

- Die mark sien die omgewing as 'n gemeenskaplike hulpbron wat vir sy eie voordeel gebruik kan word. ✓✓
- Eksternaliteite soos lugbesoedeling wat deur fabrieke veroorsaak word, kan nie sonder beperkende beleide gestop word nie. ✓✓
- Gebrek aan kennis veroorsaak dat besighededie omgewing beskadig sonder om dit te besef. bv. maatskappye wat aërosolblikkies (soos spuitdeodorante) vervaardig, het nie geweet watter skadelike effek dit op die osoonlaag het nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (1 x 2) (2)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

4.3.5 **Hoe bevorder eiendomsregte omgewingsvolhoubaarheid?**
Eiendomsregte bevorder omgewingsvolhoubaarheid deur:

- Te verseker dat mense die hulpbronne wat aan hulle behoort, oppas en dit winsgewend gebruik. ✓✓
- Beskerming van fauna en flora teen uitsterwing deur hul bewaring. ✓✓
- Aanmoediging van innovasie van omgewingsvriendelike tegnologie en metodes om besoedeling te beperk. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Gebruik 'n duidelik benoemde diagram om die afleiding van die aanbodkurwe van 'n besigheid te verduidelik.**



PUNTETOEKENNING	
Korrekte teken en byskrifte van GK en GVK kurwes	= 1 Punt
Korrekte teken en byskrifte van MK kurwe	= 1 Punt
Korrekte byskrif van asse	= 1 Punt
Korrekte byskrif van asse	= 1 Punt
	Maks. = 4

- 'n Toename in vraag veroorsaak dat die markprys van P1 na P2 en na P3 verskuif ✓✓
- Hierdie verskuiwing in markprys beteken dat die horisontale vraagkurwe vir die besigheid opwaarts skuif ✓✓
- Elke hoër vraagkromme (MI) sal die MK by 'n hoër punt sny (bv. van e1 tot e2) wat die nuwe ewewig sal wees ✓✓
- Die hoeveelheid wat aangebied word, sal ook van H1 na H2 toeneem ✓✓
- Daarom vorm die stygende deel van die MK die aanbodkromme vanaf die kruising van die GVK-kromme by sy minimumpunt ✓✓ Maks. 4 (8)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

4.5 **Analiseer die negatiewe impak van geadministreerde pryse op die ekonomie.**

- Die regering kon nie daarin slaag om geadministreerde pryse binne die inflasieteikenband van tussen 3%–6% te hou nie ✓✓
- ’n Styging in die pryse van elektrisiteit, water en munisipale dienste bedreig die vervaardigingskapasiteit, wat veroorsaak dat buitelandse beleggers hul beleggings onttrek. ✓✓
- Die regering het beperkte beheer oor brandstofprysstygings wat deur die wisselkoers en internasionale oliepryse bepaal word. ✓✓
- Die styging in brandstofpryse (bo die inflasieteiken) het die produksiekoste van alle goedere en dienste verhoog. ✓✓
- Die koste van die VPI-mandjie goedere sal verder styg as gevolg van verhoogde vervoerkoste. ✓✓
- Die verhoogde vervoerkoste sal die aanbod van goedere beperk, wat ’n negatiewe impak op die verbruiker sal hê deur hoër markpryse. ✓✓
- Die prys van brandstof in Suid-Afrika sluit verskeie heffings in soos die padongelukfonds wat die VPI verder verhoog ✓✓
- Die verhoogde druk op die VPI kan tot stagflasie lei wat gekenmerk word deur hoë werkloosheid, lae groei en hoë inflasie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord)

(’n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde) (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.
Jou antwoord sal soos volg beoordeel word.

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Met behulp van relevante grafieke, bespreek staatsingryping as gevolg van markmislukkings in detail,.** (26 punte)
- **Waarom is 'n verhoging in die minimumloon tydens 'n ekonomiese resessie nie 'n effektiewe staatsingryping nie?** (10 punte)

INLEIDING

Markmislukking vind plaas wanneer die markkragte van vraag en aanbod nie daarin slaag om hulpbronne doeltreffend toe te ken nie. / Markmislukking vind plaas wanneer die prysmeganisme nie daarin slaag om hulpbronne doeltreffend toe te ken nie, wat tot 'n verlies aan maatskaplike welsyn lei. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte en relevante inleiding) (Maks. 2)

LIGGAAM: HOOFDEEL

Direkte beheer ✓

- Die regering kan kies om wette aan te neem of die bestaande wetgewende raamwerk te gebruik in 'n poging om die gedrag van besighede en nywerhede, en individue wat negatiewe eksternaliteite genereer, te beheer en te beperk. ✓✓
- Die uitlatings van potensieel gevaarlike chemikalieë, lug- en natuurskoon-besoedeling, omgewingsbewaring, ens. word deur verskeie wette en regulasies beheer. ✓✓
- Advertering in die tabakbedryf is verbode en alkohol mag nie op Sondae verkoop word nie. ✓✓
- Die regering kan ook regulasies gebruik om die produksie en verbruik van skadelike goedere soos verslawende middels en kinderpornografie te verbied. ✓✓
- Die regering hanteer gewoonlik ook die probleme van onvolmaakte inligting deur middel van regulasies wat ontwerp is om groter toegang tot inligting te verseker: ✓✓
- Die regering kan vereis dat firmas inligting oor hul bedrywighede openbaar maak sodat aandeelhouers beter inligting het. ✓✓
- Die regering vereis ook dat firmas inligting oor hul produkte openbaar maak – bv. goedere en farmaseutiese maatskappye moet besonderhede oor hul produkte op hul verpakking verskaf. ✓✓
- Soms verskaf die regering self die inligting – bv. sigarette dra 'n gesondheidswaar-skuwing van die regering. ✓✓
- In ander gevalle vereis die regering dat firmas se produkte aan sekere standaarde voldoen – bv. motors moet aan sekere veiligheidsstandaarde voldoen wat deur die regering gestel word. ✓✓
- Die SABS reguleer standaarde in Suid-Afrika – alle firmas moet goedere produseer wat aan sekere gesondheids-, veiligheids- en gehaltestandaarde voldoen. ✓✓
- Regulasies vir advertensies bestaan om valse bewerings en misleidende advertensies te voorkom. ✓✓

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Onvolmaakte markte ✓

- Besighede wat in nie-mededingende markte werk, maksimeer hul winste deur minder as die optimale hoeveelheid van die goed of diens teen 'n te hoë prys te lewer. ✓✓
- Regerings het verskeie instrumente wat hulle kan gebruik om die toewysingsvervormings wat voortspruit uit nie-mededingende markte reg te stel of te beperk. ✓
- Die belangrikste instrumente wat die Suid-Afrikaanse regering gebruik, is:
  - Mededinging van die buiteland – in sommige gevalle het slegs buitelandse mededinging die vermoë om die skadelike praktyke van plaaslike monopolieë te beperk. ✓✓
  - Verwydering of vermindering van tariewe – in sommige gevalle het dit plaaslike markte meer mededingend gemaak, soos in die geval van landbou. ✓✓
  - Bevordering van mededinging deur die instelling van Mededingingsbeleid – regering het die Mededingingskommissie, Mededingingstribunaal en Mededingingsappèlhof ingestel om te verseker dat die vlak van mededinging verbeter word. ✓✓
  - Die instelling van prysbeheer (maksimum pryse), wat die firmas se ekonomiese winste verminder en verseker dat meer mense die produk kan verbruik. ✓✓

Minimum lone ✓

- Wanneer die regering 'n minimumloon afdwing, beteken dit dat werkers 'n sekere loonbedrag betaal moet word en niks minder as dit nie. ✓✓



1 Punt = korrekte byskrifte van VV en AA kurwes
1 Punt = aanduiding van ekwilibrium
1 Punt = korrekte aanduiding van minimum loon
1 Punt= korrekte byskrif van asse Maks. (4)

- Die grafiek hierbo toon dat as die loonkoers op W vasgestel word, die ooreenstemmende vraag en aanbod van arbeid H sal wees. ✓✓
- Indien 'n minimumloon van W1 vasgestel word, sal die vraag na arbeid van H na H1 afneem. ✓✓
- Sommige mense kan werkloos raak as gevolg van die instelling van 'n minimumloon. ✓✓
- Die hoeveelheid arbeid wat aangebied word, sal egter toeneem van H na H2 ✓✓
- Meer mense sal hul arbeid aanbied as gevolg van die hoër loon. ✓✓ (Maks. 13)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Vasstelling van maksimum pryse/prysplafonne. ✓

- Die regering stel 'n maksimum prysplafon onder die markprys vas om goedere meer bekostigbaar te maak. ✓✓
- Maksimum pryse gee die armes groter toegang tot sekere goedere en dienste. ✓✓
- 'n Maksimum prys word vasgestel op goedere soos basiese voedsel, behuising en vervoer. ✓✓
- In Suid-Afrika word die prys van petrol, diesel en paraffien teen hul maksimum pryse beheer. ✓✓



1 Punt = korrekte byskrifte van AA en VV kurwes
1 Punt = aanduiding van ewewig
1 Punt = korrekte aanduiding van maksimum prys
1 Punt= korrekte byskrifte van asse Maks. (4)

- Aanvanklik is die markewewigsprys P en die ewewigshoeveelheid H. ✓✓
- Die regering tree in en neem 'n wet aan wat bepaal dat 'n produk nie vir meer as P1 verkoop kan word nie. ✓✓
- Die effek van hierdie maksimum prys is dat die hoeveelheid aangebied afneem tot H1 en die hoeveelheid gevra toeneem tot H2. ✓✓
- Daar is 'n tekort gelyk aan die verskil tussen H1 en H2. ✓✓
- 'n Tekort skep 'n probleem oor hoe om die produk aan verbruikers toe te ken. ✓✓
- Swartmarkte ontwikkel dikwels waar mense die produk kan bekom. 'n Swartmark is 'n onwettige mark waarin óf onwettige goedere gekoop en verkoop word óf onwettige pryse gehef word. ✓✓
- Maksimum pryse mag 'n tekort van goedere veroorsaak maar goedere verbeter wel die welstand van sommige verbruikers aangesien goedere teen laer pryse gekoop kan word. ✓✓ (Maks. 13)

Minimum Pryse ✓

- Dit staan as minimumprys of prysvloer bekend wanneer die regering 'n minimum wettige limiet vir 'n prys van 'n spesifieke goed of diens vasstel. ✓✓
- Vir hierdie om 'n effek op die mark te hê, moet die prysvloer bo die natuurlike markprys geplaas word. ✓✓
- Dit lei gewoonlik tot 'n surplus – die hoeveelheid wat aangebied word, sal groter wees as die hoeveelheid wat gevra word. ✓✓
- Prysvloere word deur die regering vasgestel vir sekere kommoditeite en dienste wat volgens hulle in 'n onregverdige mark teen 'n te lae prys verkoop word en daarom verdien hul produsente hulp. ✓✓
- Dit word gedoen om produsente in staat te stel om 'n gemaklike wins te maak en moedig hulle dus aan om belangrike noodsaaklike goedere te verskaf. ✓✓

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za



1 Punt = korrekte byskrifte van AA en VV kurwes
1 Punt = aanduiding van ewewig
1 Punt = korrekte aanduiding van maksimum prys
1 Punt = korrekte byskrifte van asse Maks. (4)

- Aanvanklik is die markewewigsprys P en die ewewigshoeveelheid H. ✓✓
- Die regering tree in en neem 'n wet aan wat bepaal dat 'n produk nie onder P1 verkoop mag word nie. ✓✓
- Die effek van hierdie minimumprys is dat die hoeveelheid aangebied toeneem tot H2 en die hoeveelheid gevra afneem tot H1. ✓✓
- Daar is 'n surplus gelyk aan die verskil tussen H1 en H2. ✓✓

Belastings en subsidies ✓
Heffing van belasting

- Die gepaste manier vir die regering om in die markte in te gryp, is deur 'n belasting te hef as 'n metode om die eksterne koste te verhaal. ✓✓
- Dit word gedoen omdat die samelewing voel dat nie-meriete goedere oorgeproduseer en oorverbruik word. ✓✓
- Die effek van die belasting is om die produksiekoste van die firma te verhoog, wat sal veroorsaak dat die aanbodkromme na links skuif (afneem). ✓✓
- 'n Belasting sal die prys verhoog en produksie sal afneem. Minder nie-meriete goedere word nou geproduseer en verbruik. ✓✓
- Sondebelasting of aksynsbelasting word gehef op niemerietegoedere soos sigarette en alkohol. ✓✓

Subsidies op goedere

- 'n Subsidie is gewoonlik in die vorm van 'n finansiële toelaag om die produksie van goedere te ondersteun. ✓✓
- Dit kan direk wees (soos kontanttoelaes en rentevrye lenings) of indirek (waardevermindering afskrywings, huurkortings en vergaderings uitgawes namens produsente). ✓✓
- Subsidies kan vir 'n verskeidenheid doeleindes gebruik word, insluitend produksie, inkomste, indiensneming en uitvoere. ✓✓
- Die voorsiening van merietegoedere deur die privaatsektor is een so 'n doel – in die geval van onderwys betaal die regering gewoonlik 'n subsidie om hierdie onderwys te bevorder. ✓✓

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Herverdeling van inkomste en welvaart ✓

- Die markstelsel is neutraal met betrekking tot die herverdeling van inkomste en welvaart en die regering word gedwing om kombinasies van belasting, oordragbetalings en subsidies te gebruik om 'n herverdelingseffek te skep. ✓✓
- Twee tradisionele metodes kan gebruik word:
- Gewoonlik word 'n progressiewe belastingstelsel gebruik – hoe meer mense verdien, hoe meer belasting betaal hulle. ✓✓
- Die regering gebruik hierdie belastinggeld om goedere en dienste aan die armes te subsidieer; ✓✓
- Oordrag van inkomste direk na die arm huishoudings (pensioene, kinderonderhoud-stoelaes, gestremdheidstoelaes); ✓✓
- Verskaffing van sekere goedere en dienste gratis, werkskeppingsprogramme ens. ✓✓
- Die regering gebruik ook belastinggeld om die voorsiening van merietegoedere te finansier. ✓✓

Die regering se produksiebetrokkenheid ✓

- Regerings is self betrokke by die vervaardiging van goedere en dienste. Openbare goedere ✓
  - Die regering se benadering tot onvolledige markte is om in te gryp en die verlangde goedere direk te verskaf. ✓✓
  - Direkte belasting, indirekte belasting en welvaartsbelasting word gebruik om vir hierdie goedere en dienste te betaal. ✓✓
  - Gemeenskapsgoedere word gratis verskaf (verdediging, polisie en korrektiewe dienste en straatligte). ✓✓
  - Sommige kollektiewe goedere word teen 'n gebruikersfooi verskaf, soos vullisverwydering, afvalverwydering en riooldreinering. ✓✓
  - Die voorsiening van sommige ander kollektiewe goedere word gesubsidieer, byvoorbeeld skoon water en elektrisiteit. ✓✓
  - Die regering kan ook merietegoedere direk verskaf, byvoorbeeld gesondheidsorg en onderwys ✓✓

(Maks 8 punte vir blote lys van feite)

BYKOMENDE DEEL

Waarom is 'n verhoging in die minimumloon tydens 'n ekonomiese resessie nie 'n effektiewe staatsingryping nie?

- Firmas staar hoër arbeidskoste in die gesig, wat moeilik is gedurende periodes van lae verkope. ✓✓
- Besighede kan werkers afdank of aanstellings verminder om koste te besnoei. ✓✓
- Al die werkers wat hul werk verloor het as gevolg van die verhoogde minimumloon, sal die swaarkry van geen inkomste moet verduur. ✓✓
- Die negatiewe gevolge van werkloosheid wat deur die minimumloon veroorsaak word, sal veel groter wees as die voordeel van hoër lone vir sommige van die werkende werkers. ✓✓
- Loonverhogings mag dalk nie die algehele vraag verhoog as werkloosheid styg nie. ✓✓
- Firmas kan pryse verhoog om hoër lone te dek, wat verbruik verder verminder. ✓✓
- Die regering kan eerder fiskale stimulus, sakeondersteuning of direkte kontantoor-dragte gebruik. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (Maks.10)
(Maks 2 punte vir blote lys van feite)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

GEVOLGTREKKING
Staatsingryping speel 'n belangrike rol in die regstelling van markmislukkings deur markte te reguleer, inkomste te herverdeel en die voorsiening van noodsaaklike goedere en dienste te verseker. Regeringsbeleid moet egter noukeurig ontwerp word om ondoeltreffendhede en onbedoelde gevolge te vermy. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte en relevante hoë-orde gevolgtrekking) (Maks. 2)

[40]

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

40 PUNTE – 40 MINUTE

- **Ondersoek in detail die voordele van toerisme.** (26 punte)
- **Hoe bevoordeel toerisme die Suid- Afrikaanse ekonomie?** (10 punte)

INLEIDING

Toerisme verwys na aktiwiteite van mense wat na plekke buite hul gewone omgewing reis en daar bly vir nie meer as een agtereenvolgende jaar om verskillende redes nie. (Maks. 2)

LIGGAAM: HOOFDEEL
Huishoudings ✓
- Huishoudings kan baat vind by 'n toename in inkomste, en geleenthede, vir werk en entrepreneurskap. ✓✓
- Individue ontvang opleiding deur programme wat ingestel is om toerisme te bevorder. ✓✓
- Huishoudings is indirek betrokke by toerisme as werknemers in die hotelbedryf, finansiële instellings, ens. ✓✓
- Hulle trek voordeel uit verbeterde infrastruktuur wat vir toeriste geskep is, hoewel plaaslike mense dit kan gebruik. ✓✓
- Hulle verkry vaardighede wat deur die toerismebedryf benodig word. ✓✓
- Inkomste wat verdien word, word in hul gemeenskappe bestee en hulle kan tot die plaaslike ekonomie bydrae. ✓✓
- Entrepreneurs vanaf huishoudings werk as toergidse. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

Besighede ✓
- Aktiwiteite in die formele sektor word deur toerisme bevorder. ✓✓
- bv. maatskappye word getaak met die bou van infrastruktuur soos hotelle of paaie. ✓✓
- Toerisme bevoordeel plaaslike besighede en maatskappye deur 'n toename in besteding aan die goedere en dienste wat deur plaaslike besighede aangebied word. ✓✓
- Die informele sektor word bevoordeel in die verkope van tradisionele produkte soos kuns en kunsvlyt. ✓✓
- Banke neem meer kassiers in diens, en dit lei tot hoër indiensneming. ✓✓
- Die sake-omgewing word gestimuleer in landelike en stedelike gebiede, wat entrepreneuriese geleenthede bevorder en bystand verleen met SEB. ✓✓
- Toeristebestemmings word ontwikkel deur middel van openbare en private vennootskappe (OPV'e). ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

Regering ✓
- Die regering trek voordeel uit inkomste wat van toeriste ontvang word. ✓✓
- Toerisme stel die regering in staat om ʼn land se toerismebedryf se potensiaal te adverteer. ✓✓
- Direkte en indirekte bydraes tot die regering se inkomste word gemaak deur heffings op toeriste. ✓✓
- Dit word vir twee doeleindes gemaak:
  - Om eksterne koste te verhaal – dit help die gasheergemeenskap om infrastruktuur te verskaf. ✓✓
  - Om inkomste te genereer – met die groei van toerisme hef baie lande toeristebelasting wat as ʼn bron van inkomste gebruik word. ✓✓
- Inkomste wat verdien word, kan gebruik word om toerisme in die land te bevorder. ✓✓
- Hierdeur word die regering in staat gestel om sy sosio-ekonomiese doelwitte, groei van die informele sektor, SEB en KMMO-ontwikkeling te bereik. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

Infrastruktuurontwikkeling ✓
- Vir enige land om as ʼn toeristebestemming beskou te word, moet fisiese infrastruktuur voldoende en goed onderhou wees. ✓✓
- Die behoeftes van ʼn groot aantal toeriste in enige land aan akkommodasie en infrastruktuur lei tot die bou van hotelle en verbetering van die bestaande infrastruktuur. ✓✓
- Saam met die privaatsektor moet die regering infrastruktuur ontwikkel en opgradeer om aan die eise en verwagtinge van toeriste te voldoen. ✓✓
- Plaaslike inwoners en toeriste trek voordeel uit die infrastruktuur. ✓✓
- Toeriste benodig sosiale infrastruktuur bv. klinieke en ambulanse. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

BYKOMENDE DEEL
Hoe bevoordeel toerisme die Suid-Afrikaanse ekonomie?
- Toerisme skep direkte en indirekte werkgeleenthede in sektore soos verblyf, vervoer, restaurante en toerisme-ondernemings. ✓✓
- Internasionale toeriste bring buitelandse valuta die land in, wat die betalingsbalans verbeter. ✓✓
- Toerisme stimuleer die vraag na goedere en dienste, wat bydrae tot BBP-groei. ✓✓
- Die regering verbeter paaie, lughawens en openbare fasiliteite om toeriste te akkommodeer, wat ook plaaslike gemeenskappe bevoordeel. ✓✓
- In landelike en onderontwikkelde gebiede deur middel van besienswaardighede soos natuurreservate en kulturele erfenisterreine. ✓✓
- Moedig die groei van klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) aan, soos handwerkmarkte, toergidsdienste en plaaslike restaurante, wat entrepreneurskap bevorder. ✓✓
- Toerisme bevorder die bewaring van kulturele erfenis, tradisies en historiese terreine terwyl dit interaksie tussen plaaslike gemeenskappe en internasionale besoekers aanmoedig.

(Aanvaar enige ander korrekte en relevante antwoord) (Maks. 10) (10)

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za

GEVOLGTREKKING

Bemarking van toerismeprodukte aan beide plaaslike en internasionale markte is belangrik om die volle groeipotensiaal van die sektor in Suid-Afrika te bereik. ✓✓

(Maks. 2) (2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.grade12pastexampapers.co.za